21 Emosies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Pessimisme

## Jona 4:2

*'n Pessimis is altyd op die negatiewe moontlikhede ingestel. Uit 'n geloofsoogpunt, is dit iemand wat glo dat God nie kan nie. Of selfs nie "moet" nie. Iemand soos Jona. Iemand wat omring deur die Lig, eerder die donkerte wil raaksien.*

*Pessimisme is 'n keuse wat mens maak oor jou beskouing van die wêreld. Twee mense kan na presies dieselfde situasie kyk, een sien geleentheid en een verleentheid.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

*Notas*

21 Emosies

Huiskerk Quellerina Gemeente

# Pessimisme

Wat dink jy definieer jou as persoon?

Lees Jona 4: 1-5

Watter soort persoon dink jy was Jona?

Hoe dink jy sou JY gereageer het op die bekering van Nineve (en God se medelye) as jy in Jona se plek was?

Watter soort misdade of gruweldade laat jou verlang na die wraak van God, eerder as na sy deernis?

Lees Jona 4: 6-11

Wat leer ons van God uit die feit dat hy die wingerdstok, wurm, wind ens gebruik het om Jona te leer?

Wat was die les?

Waarom het God vir die Nineviete omgegee?

Hoe moet hierdie optimisme van God 'n invloed hê op ons omgang met 1) God en 2) met ander mense?